Slegs vir diere gebruik

Terramycin LA inspuitbaar oplosing

Reg. Nr. G333 Wet 36/1947
Namibia Reg. Nr. N-SR 0255
Zimbabwe alleenlik E 86/80.22.11/9108 (VMGD)

Indikasies:
Terramycin LA inspuitbare oplossing word aanbeveel vir die behandeling van toestande veroorsaak deur, of geassosieer met oksitetrasiklien gevoelige organiesmes.
Terramycin LA word aanbeveel waar langdurige antibiotiese werking verlang word, of waar vir praktiese, ekonomiese of veertsenykundige redes gedurige hnatering en hehaaldelike behandeling van diere nie prakties is nie.
Beeste: Vir die behandeling van bosluisoorgedraagde galsiekte (anaplasmose), harwater, longontsteking, vrotpootjie septiese gewrisontsteking, naelstringsiekte en pienoog (Aansteeklike Beeskeratokonjuntivitis).
Varke: Vir die behandeling van longontsteking, septiese gewrigsontsteking en naelstringsiekte.
Skape en bokke: Vir die behandeling van hartwater, longontsteking, vrotpootjie, septiese gewrigsontsteking en naelstringsiekte.

Bergingsaanwysings:
Terramycin LA Inspuitbare oplossing sal vir 2 jaar stabile bly as dit laer as 30^0C geberg word. Kenmerkend van oksitetrasiklien oplossings, mag die preparaat gedurende gebruik verdonker, maar die strekte bly onverander.

Samestelling:
Terramycin LA inspuitbare oplossing is ‘n gepatenteerde formulasie wat 200 mg oksitetrasiklien per mi bevat. Die formulasie verseker aanhoudende bloedpeile oor ‘n 3 tot 5 dae periode by beeste, skape, bokke en varke na ‘n enkele binnespierse inspuiting van 1 ml/10 kg liggaamsmassa. Terramycin LA is ‘n steriele, helder, stabiele, gereed-vir-gebruik oplossing.

Waarskuwings
Moet nie Terramycin LA op die selde dag by varke spuit as wat hul met yster ingespuit word nie.
Gebruik slegs by beeste, skape, bokke en varke.
Moet nie behandelde diere binne 28 dae na die laaste behandeling vir menslike verbruik slag nie.
Melk van behandelde koeie moet nie vir menslike verbruik binne 5 dae na die laaste behandeling gebruik word nie.
Alhoewel hierdie middle breedvoerig onder ‘n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevold van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg ‘n veearts en verwittig die registrasiehouer.

Gebruiksaanwysings
Gebruik slegs soos aangedui.
MOET NIE BINNEAARTS TOEDIEN NIE.
Terramycin LA inspuitbare oplossing is ontwerp vir binnespierse inspuit as ‘n enkel dosis van 1 ml/10 kg liggaamsmassa by beeste, skape, bokke en varke, wat 20 mg

Terramysien per kg liggaamsmassa verskaf. Onderhuidse toedining sal dieselfde uitwerking as die binnespierse roete verskaf, maar swelling by die plek van inspuiting mag voorkom. By jong varkies van minder as 10 kg liggaamsmassa, word die onderhuidse roete van toedining verkies.
'n Enkele inspuiting van 1 ml/10 kg liggaamsmassa vir die behandeling van oksitetrasiklien gaveling besetting sal geoponic voldoende wees. Behandeling kan na 72 uur herhaal word indien nodig vernaamlik in die gaval van pienkoog.
Tydelik gelokalliseerde swelsel by die plek van inspuiting mag waargeneem word.
By slagdiere is die plek van inspuiting verkieslik die nek.

Dosis:
Beeste; 1 ml/10 kg liggaamsmassa. Binnespierse inspuiting moet diep in die vleisagtige deel van die spier toegedien word. Om plaaslike weefsel irritasie te beperk, word dit aanbeveel dat nie meer as 10 ml by een plek ingespuit word nie.

Varke: Varke wat tot 10 kg weeg word 1 ml onderhuids agter die oor toegedien. Varke wat meer as 10 kg weeg word 1 ml/10 kg liggaamsmassa binnespiers gespuit. Vir varke wat meer as 100 kg weeg, word dit aanbeveel dat die dosis verdeel word en op twee plekke ingespuit word.
L.W. Moet nie meer as 0,5 ml aan varkies van minder as 2 kg liggaamsmassa toedien nie.

Skape en bokke: Spuit 1 ml/0 kg liggaamsmassa binnespiers. By skape en bokke wat meer as 50 kg weeg word dit aanbeveel data die dosis verdeel word en op twee plekke toegedien word.
L.W. Vir vinnige herstel moet 'n spoedige en akkurate diagnose gemaak word. Dit is dus altyd raadsam om u veearts te raadpleeg vir 'n korrekte diagnose.

Aanbieding
Terramycin LA inspuitbare oplossing is beskikbaar in veeldosis 20 ml, 100 ml en 500 ml bottles. Die produk is gereed vir gebruik en geen verdere voorbereiding is nodig nie.

Registrasiehouer
Pfizer Laboratories (Pty) Ltd
(Reg. nr. 1954/000781/07)
Bute Laan 85
Sandton
2196
Tel 011 320 6000

Pfizer logo is geregistreerde handelsmerke